

16 Mei

God word nie gedra nie, Hy dra ons

Skrifgedeelte: Jesaja 43:14, 15; 46:1-5

Fokusgedeelte: Jesaja 46:1-4

Die val van Babel word deur Jesaja 700 jaar voor Christus al aangekondig. Ongeveer 170 jaar later neem koning Kores van Persië, in opdrag van God, Babel in en die oorblyfsel van die volk van Juda kon terugkeer na Jerusalem.

Ook die twee hoofgode van Babel, Bel en Bebo, stort ineen. As Babel val, dan val ook sy gode. Hulle is net so dood soos hulle standbeelde. Die Babiloniërs moet hulle gode dra as hulle in ballingskap gaan, hulle op beeste laai, 'n vrag vir die moeë diere.

Wat 'n magteloosheid, wat 'n absolute eensaamheid as jy niks het om op te steun nie, nie eens jou gode nie.

Maar wat 'n troos vir die Judeërs. Die lewende God word nie gedra nie, Hy dra hulle, selfs deur die ballingskap. Hy het hulle teweens van hulle geboorte af gedra, hulle vasgehou vandat hulle daar was. God het immers uit hulle nageslag die geboorte van die Messias belowe. Daarom: "Tot in julle grysheid sal Ek julle dra!"

In en deur Jesus Christus is God se beloftes ook vir ons vervul. Aan die kruis het Hy ons verlos. Hy het ons vasgehou van ons geboorte af, en sal ons verder ook dra. Geen eensaamheid, geen pyn, hartseer, beproewing, selfs nie die dood kan ons van God se liefde skei nie. Sy verbond geld trouens nog steeds vir al sy gelowiges. Natuurlik nie vir verbondsbrekers nie. Tot in die ouderdom is Hy ons HERE, en in die hiernamaals deel ons ten volle in sy heerlikheid.

Sing: Psalm 73:11

Ds. J Venter (Emeritus)